VILLA BULLETIN 16

Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village *Nr 16 September 2020*

Voorsitter oor vlak een inperking

Verslapping is wonderlike nuus

"Die Staatspresident se aankondiging dat die rampmaatreëls sedert 21 September na Vlak 1 verslap is, is wonderlike nuus. Dit sal bydra dat ekonomiese aktiwiteite meer na normaal kan begin verander."

So sê Johan Coetzee, voorsitter van die Huiseienaarsvereniging (HEV). Hy het bygevoeg:

"Dit het egter nie die virus laat verdwyn nie! Die verantwoordelikheid om die besmetting daarvan vry te spring, rus nou vierkantig op ons eie skouers en met 'n gesonde lewensstyl behoort ons Covid-19 vry te spring. In die verband beklemtoon ek die volgende voorsorgmaatreëls:

-Maskers moet gedra word;
-Sanitering en die gereelde was van hande met water en seep moet toegepas word;
-Fisiese afstand van minstens 1,5 meter tussen mense moet gehandhaaf word;
-Die toegangsvereistes van instansies soos byvoorbeeld die Sorgeenheid, moet eerbiedig word.

"Bougainvilla was tot dusver gelukkig om baie min positiewe gevalle te hê en ons het tans geen persone in isolasie nie. Die risiko is egter steeds daar dat die gevalle kan toeneem, wat ons sou noodsaak om weer strenger beheermaatreels in te stel.

"Binne die oord het ons die volgende reëlings getref:

-Die bussie neem weer inwoners winkel toe. Slegs sewe mense word per rit eenkeer per week toegelaat. Bespreek asseblief betyds deur u naam in die boek by die ontvangskantoor te skryf.
- Kerkdienste kan weer 'n aanvang neem vanaf Sondag 27 September. Plakkers op die vloer dui aan waar elke stoel moet staan. Slegs 50 persone word toegelaat.
-Die markdae het stelselmatig begin en sal uitgebrei word binne die beperkings van die regulasies.
-Ander sosiale aktiwiteite sal mettertyd individueel oorweeg word.
-Etes word afgelewer, of kan afgehaal word.

Johan Coetzee, voorsitter van die Raad van Direkteure: HEV

Dui u keuse aan op die ete bestellingsvorm.
-Besoekers word in die oord toegelaat. Moet asseblief nie misbruik maak van die toegewing nie, die infeksierisiko het nie verdwyn nie!
-Toegang tot die Sorgeenheid word deur *Unique Health* beheer.
-Die rolbal het weer begin.

Johan het ten slotte inwoners bedank vir hulle samewerking tydens die grendeltydperk tot dusver en 'n vriendelike beroep op hulle gedoen om voort te gaan om by die reëls te hou en mooi na hulle self te kyk.

Deursigtig met hantering van Covid-19

Sedert die afkondiging van 'n ramptoestand het die Raad van Direkteure dit ten doel gestel om alles in hulle vermoë te doen om die inwoners in te lig, op die hoogte te hou en deursigtig te wees in alles wat gedoen word om sake rondom die Covid-19-pandemie te hanteer. Omvattende inligting is by wyse van Villa Bulletin, omsendbriewe en teksboodskappe aan inwoners oorgedra.

Level 1 means fewer restrictions but some things remain banned

South Africa moved to Alert Level 1 as of midnight on Monday 21 September 2020.

That means fewer restrictions – but some things remain banned, or strictly illegal, reports Business Insider.

Moving around during curfew can get you six months in jail, and there's no sport spectating.

Here's what else you need to know about stuff that you still can't do during Level 1.

Only one industry, night clubs, remains entirely banned. The cigarette ban is long gone, liquor will be available up to midnight in bars, and concerts are allowed again, even indoors.

Here's what is still not allowed, or illegal, during Level 1 – including stuff that can land you jail time.

A curfew remains in place, from 00:01 to 04:00 every day. The only legal way to be on the streets during those hours is if you have a permit, or if you are "attending to a security or medical emergency". Breaking that rule can come with up to six months in prison.

Not wearing a mask
In public there is only one exception to to the mask rule: while undertaking "vigorous" exercise. And those in control of public places or public transport must still deny you access if you are not wearing a face mask.

Night vigils for the dead
Though funerals may now have up to 100 people in attendance (double the previous limit), there is still an absolute ban on night vigils.

Organising any gathering of more than 500 people – outside of a cinema complex, theatre, or casino. **The absolute upper limit for gatherings** is now 500 people, for outdoor religious services, conferences, concerts, or "political events". As soon as those move indoors, the limit drops to 250 people. Casinos do not have any such absolute limit, though; they must only limit people to 50% of the venue maximum. And after an amendment on Sunday afternoon, the same is now true for theatres and cinemas, which are now only limited to 50 percent of capacity per cinema or venue.
(The Level 1 regulations specifically make provision for the 50% rule for casinos to be further relaxed.)

Going to a sporting event as a spectator
While a casino can host as many people as its floorspace will allow, divided by two, spectators at sporting matches are specifically banned, even for outdoor events, even for fewer than 500 people, and no matter what social distancing or other measures are in place.

Going to a night club
Whether or not they stick to the curfew – or don't sell alcohol – night clubs are still specifically banned.

Holding an initiation school
The ban on initiation practices is binding on organisers, prospective initiates, land owners, and traditional surgeons or medical practitioners – with the threat of six months in jail for any who fail to heed the ban.

Buying alcohol after 17:00, or on the weekend – except at a bar or restaurant
Bottle stores must close at 17:00 on weekdays, and are banned from selling booze on weekends and public holidays.

But on-premises drinking spots may sell alcoholic drinks right up to the curfew, including on weekends.

Belangrik om AJV te hou ten spyte van struikelblokke

Die Algemene Jaarvergadering van die Huiseienaarsvereniging (HEV) vind normaalweg in Junie plaas. Met die afkondiging van die grendeltydperk op 26 Maart en die herhaalde verlenging daarvan, kon die vergadering tot sover nie hierdie jaar gehou word nie. Die moontlikheid van 'n virtuele vergadering is oorweeg, maar vanweë die feit dat sekere lede dan uitgesluit sou word omdat hulle nie oor die nodige tegnologie beskik nie, was dit nie haalbaar nie, Al die lede van die HEV is dienooreenkomstig in kennis gestel met die aanduiding dat sodra dit onder die Rampregulasies moontlik is, die nodige kennisgewing en tersaaklike dokumente aan lede gestuur sal word.

Na die verslapping van die maatreëls na Vlak 1 blyk daar steeds struikelblokke te wees soos in die skrywe hieronder uiteengesit. Die Raad van Direkteure ondersoek egter die saak om te kyk of die AJV nie tog nog hierdie jaar gehou kan word nie. Stephan Craggs, direkteur van CSi Property Management (bestuursagent), het op 22 September die volgende sake uitgelig wat die Direksie in gedagte sal hou wanneer hulle oor die saak besluit.

"Should the Board of Directors still wish to proceed with scheduling a meeting this year, the following factors and implications should be considered:

1. The risk of members of the Village/Estate or staff members contracting the COVID-19 virus when attending the meeting.

2. In terms of the Memorandum of Incorporation (MOI), the prescribed notice period for a members' meeting is 15 business days which excludes the time required to prepare any other necessary reports such as the Chairman's report or other supporting documents to be presented to the members.
This could result in the meeting being held very late in the year when many members might not be able to attend, this could lead to the meeting not satisfying the quorum requirement.

3. The Chairperson of the meeting will be responsible for ensuring that the members attending adhere to the relevant health protocols at all times.

4. Sufficient sanitising stations must be made available for the members to make use of for the duration of the meeting and thermometers must be provided to record each attendees' temperature. This would result in an additional cost for the Estate/ Village which was not included in the budget.

5. The capacity of the facility where the meeting will be held when members are seated 1.5 meters from each other, this spacing requirement should also be considered when members queue for registration.

6. Should the total number of members of the Village/Estate exceeds 250, a preregistration process might need to be implemented to ensure that the number of attendees does not exceed the prescribed amount. Should the number of members wishing to attend the meeting surpass this amount, the additional members would not be permitted to attend, which would be prejudicial to their rights as members.

7. To limit the number of attendees, it is recommended that a restriction should be included stipulating that only one member from each unit will be permitted to attend the meeting.

8. The members should be encouraged, without being prejudice to their rights as a member, to rather complete a proxy form instead of attending the meeting in person.

"It should also be noted that the directives issued by the Community Schemes Ombudsman relating to meetings have not yet been amended and as such the CSOS will still not penalise any community scheme for scheduling an annual general meeting after the lockdown period.

"We ask that the Board of Directors carefully consider the abovementioned factors prior to deciding whether or not to schedule the meetings."

Aktiwiteite erg geraak deur Covid-19-grendeltydperk

Die aktiwiteite en instandhoudingsprogram is erg beïnvloed deur die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande grendeltydperk. Jan Buter berig soos volg:

Droogwerwe (Courtyards)

Die agterplasies/droogwerwe (courtyards) se deure, geiserdeure en wasgoedlyne is in area 2 almal geverf en herstel. Die werkers is tans besig in area 3 wes van Proteastraat en sal daarvandaan deurbeweeg na area drie se oostekant. Area 1 sal dan aan die beurt kom en die projek behoort in sy geheel afgehandel te wees voor einde Februarie 2021.

Dakkie oor kragopwekker

Die dakkie oor die kragopwekker is afgehandel en daar kan nou voortgegaan word met die afdakke oor die vullisterrein.

Fassieborde en windvere

Die verf en herbevestiging van fassieborde en windvere was ook op die program vir hierdie jaar maar moes noodwendig uitgeskuif word na die volgende finansiële jaar.

PABX (Private Automated Branch eXchange)

Die PABX- en die interne interkomstelsel is in sy geheel hersien en grotendeels herstel. Daar is slegs enkele probleme wat nog uitsorteer word.

Plaveisel

Plaveisel word steeds op ’n deurlopende basis herstel en daar word veral gekonsentreer op die areas waar dit ’n gevaar vir voetgangers inhou.

Voetgangers het voorrang op paaie

Dis van uiterste belang dat ons steeds sal onthou dat voetgangers en rolstoele VOORRANG op ons paaie het. Ons doen ’n vriendelike beroep op al ons inwoners om hierdie reëling te alle tye te eerbiedig. Ons is mos afgetree en hoef nie deur die oord te jaag nie.

Kanaalhekke

Kanaalhekke is weer geverf en teen korrosie behandel.

Verkeerstekens

Alle borde met verkeerstekens gaan verlaag word soos dit reeds by Blok B gedoen is vir beter sigbaarheid.

Straatnaamborde

Straatnaamborde is opgerig maar drie straatnommerborde moet nog herstel word.

Stegies in area 2

Alle stegies in area 2 sal ook kennisgewingsborde kry met ’n aanduiding waar elke huis se ingang is. Dis om dit makliker te maak vir veral ambulanse maar ook ander diensverskaffers en besoekers om ’n betrokke huis te vind.

Waterverbruik

Waterverbruik het dramaties gestyg vanaf 1 September (almal het ontwaak). Ons wil tog vra dat elkeen water met oorleg sal gebruik. Grasperke kan byvoorbeeld hoogstens tweekeer per week natgemaak word.

VILLA BULLETIN
Verslae en bladuitleg:
Johann Lemmer
Stuur kommentaar aan
lemmerj@mweb.co.za

Vrywaring

Inligting uit verskeie bronne: Raad van Direkteure kan nie die juistheid in alle opsigte waarborg nie.